

## **Ek is die Alfa en die Omega!**

**Lees: Open 22:13,16**

**Maandag 26 Julie 2021**

**Daar is drie “Ek is” Uitsprake in Openbaring.**

**Open 22:13** “Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die einde.”

*Goeimôre, ek is ds. Gerrit Kruger van die Gereformeerde Kerk Centurion. Ek is terug na twee weke van verlof. Ek het lekker gerus, maar ook baie gebid en baie geworstel oor die landsgebeure van die afgelope twee weke.*

*Ons kon nie buite Gauteng se grense met vakansie gaan nie, maar ons het ‘n baie lekker plekkie naby Rust de Winter gekry, binne Gauteng grense waar ons kon gaan kamp, die koue ten spyte.*

*Daar was dramatiese gebeure die afgelope maand en veral die laaste paar weke.*

*Ons het almal gewonder, wat is aan die gebeur. Gaan hier ‘n staatsgreep plaasvind? Gaan hier totale wanorde en anargie in die hele land wees? Gaan Suid Afrika brand? Wat is ons as christene en as kerk se plig in hierdie tyd?*

*Ek het gewonder, met watter Skrifgedeelte moet ek die oordenkings weer begin? Die sewe “Ek is...” uitsprake in Johannes is afgehandel. Maar die volgende “Ek is...” uitspraak in die Boek Openbaring, ‘n baie troosvolle Skrifgedeelte.*

### **Open 22:12-16**

**12** “Jesus sê toe weer: “Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het.

**13** **Ek is die Alfa en die Omega**, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.

**14** Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan.

**15** Buitekant is die dwaalleraars, die bedrieërs en die onsedelikes, die moordenaars en die afgodsdienaars en almal wat valsheid liefhet en doen.

**16** Ek, Jesus, het my engel gestuur om dit alles aan julle in die gemeentes te betuig. **Ek is die Wortel**, dit is, die Nakomeling van Dawid. **Ek is die helder Môrester**.”

Jesus Christus is hier self aan die Woord. Jesus openbaar aan Johannes en aan ons vandag, dat die wederkoms, verseker is, en naby is. Jesus Christus is daar van die begin van die Skepping af. Jesus self was by die skepping teenwoordig, ja ook toe die mens geskape is. Omdat Jesus self ware God is het Hy ook geweet van die sondeval.

In gehoorsaamheid aan sy Hemelse Vader se opdrag, het Hy aarde toe gekom om ons los te koop, te verlos van al ons sondes. Ja Hy het ons volkome bevry. Alles wat ons kan verstaan en dalk nie kan verstaan van die skepping nie, dit is in God se Raadsplan en dit weet Jesus Christus van. Om daarom Homself te openbaar as die Alfa en die Omega, beteken ook wat Jesus Homself verder openbaar in vers 12:

- “Ek is die Alfa en die Omega,
- die Eerste en die Laaste,
- die Begin en die Einde.”

God en so ook Jesus Christus het gewet van die Coronavirus, van die “Inperkings” of “Lockdown”, van die onluste wat daar in die land sou plaasvind. Jesus Christus is egter die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.

Jesus openbaar hierdie dinge in vers 15. “Buitekant is die dwaalleraars, die bedrieërs en die onsedelikes, die moordenaars en die afgodsdienaars en almal wat valsheid liefhet en doen.”

Ons moet nie of hoef nie te skrik vir diegene wat hier moor en steel en diefstal en onreg pleeg nie. **Mat 10:28** “Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan.”

Daarom geliefdes, vertrou op God. Vertrou volkome op God. Wat ookal hier op aarde gebeur, Jesus Christus is die Alfa en die Omega, die begin en die einde. Hy sal ons bewaar, trouens Hy het ons alreeds bewaar deur ons los te koop en vir ons plek te berei in die hemel.

**AMEN**

*Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: [gskruger1@gmail.com](mailto:gskruger1@gmail.com)*